

**Sing vooraf staande: Psalm 145:1, 4, 5 (p. 696)**

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 4 Die skitterglans wat uit u majesteit / u wonderwerk bestraal met heerlijkheid,  
gedugte krag wat ons van angs laat vrees, / u grootheid, HEER – dit sal my lofsang wees.
- 5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:  
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 98:1, 4 (p. 488)**

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.  
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;  
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 4 Laat al die strome nou die hande / in jubel saamklap van omlaag;  
laat die gebergtes langs hul wande / die juigtoon altyd verder draag!  
Hy kom, die Regter van die volke, / omstraal deur reg en majesteit;  
Hy span sy vierskaar in die wolke / en oordeel in regmatigheid.

**Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

**Psalm 5:2, 3 (p. 18)**

- 2 Ek roep om hulp, ek is onmagtig, / die vleuels van my siel geknot.  
Maar U, my Koning en my God, / wees U my, arme, tog gedagtig, / en reddingskragtig.
- 3 Wanneer die daglig straal oor rande / van skemerende berge neer,  
dan bid en wag ek op die HEER. / Dan lê ek klaar my offerande / met will'ge hande.

**Gebed**

**Psalm 72:1, 4 (p. 360)**

- 1 Gee aan die Koning, HEER, u regte / en u geregtigheid  
aan Koningskind, dat Hy u knegte / kan rig met wys beleid.  
Dan vind u volk weer 'n beskermmer, / een wat hul saak besleg,  
ellendiges weer 'n ontfermer / wat oordeel volgens reg.
- 4 Dan kom die tyd van welbehae, / wanneer die vrede bloei;  
regverdiges sal in sy dae / in volle wasdom groei.  
Van see tot see – geen grensomyning, / orals gebied sy staf,  
totdat die maan, die bleek verskyning, / val van die hemel af.

**Skriflesing:** Esegieël 18; Romeine 3:21-26; Heidelbergse Kategismus, Sondag 4

**Kernvers:** Romeine 3:25-26

**Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.**

(Romeine 3:25-26 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 9

**Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?**

*Antwoord: Nee (a), want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen (b). Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel (c) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.*

*(a) Efes 4:24. (b) Gen 3:13; 1 Tim 2:13, 14. (c) Gen 3:6; Rom 5:12.*

### Vraag 10

**Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?**

*Antwoord: Nee, glad nie; intendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf (b). Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (c).*

*(a) Gen 2:17; Rom 5:12. (b) Ps 50:21; 5:6; Nah 1:2; Eks 20:5; 34:7; Rom 1:18; Efes 5:6. (c) Deut 27:26; Gal 3:10*

### Vraag 11

**Is God dan nie ook barmhartig nie?**

*Antwoord: God is wel barmhartig (a); maar Hy is ook regverdig (b). Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.*

*(a) Eksodus 34:6, 7; 20:6. (b) Ps 7:10; Eks 20:5; 23:7; 34:7; Ps 5:5, 6; Nah 1:2, 3.*

**Tema:** God se regverdigheid laat ons in stille verwondering oor sy genade

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, om iets van 'n begrip van God se onbeskryflike groot genade te kry, is dit nodig dat ons onself sien soos wat God ons sien. Ons het al tevore opgemerk dat ons siening van onself baie optimisties is. Ons sien net ons goeie eienskappe raak en probeer baie hard om van die slegte eienskappe te vergeet. Maar nou het die Heilige Gees ons reeds aan die hand van Sondag 2 en 3 deur die Skrif gelei om te sien hoe ons werklik is. Van nature is ons geestelik dood. **Ons is glad nie in staat om iets goed te doen nie en is tot alle kwaad geneig.**

Dit is eers wanneer die Heilige Gees van God die wedergeboorte aan ons skenk dat ons ook geestelik kan lewe. Dan gaan ons oë oop en vanuit die nuwe lewe wat ons ontvang het, kyk ons terug en sien hoe vuil en sleg ons ou lewe werklik was. In verwondering roep ons: Sjoë, 'n dooie sondaar soos ek is lewendig gemaak deur die Gees van God. Dit is maar net die genade van God. Die Heilige Gees wil ons 'n nog beter begrip van God se genade laat kry. Daarom verskuif Hy ons fokus van die vraag: 'Watter soort skepsels verlos God?' na 'Watter God verlos sondaars so sleg soos ek en jy?'.

Die Here maak dwarsdeur die Bybel verskeie eienskappe van Homself aan ons bekend sodat ons Hom behoorlik kan leer ken. In Artikel 1 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons enkele van hierdie eienskappe van hoe ons God is. As daar een eienskap is wat soos 'n klankversterker en soos 'n vergrootglas ons die onbeskryflike grootheid van God se genade nog beter laat hoor en sien, is dit die eienskap wat hier in Sondag 4 oor en oor genoem word – God se geregtigheid of sy regverdigheid.

Aan die hand van hierdie drie vrae en antwoorde wil die Heilige Gees ons God se geregtigheid laat raaksien sodat ons Hom in stille verwondering sal aanbid oor sy onbeskryflike groot genade. Eerstens roep die Heilige Gees ons om raak te sien dat God regverdig is wanneer Hy eis dat die mens Hom sal gehoorsaam.

Voordat ons verder gaan, moet ons net vir onself die begrip *regverdig* en *geregtigheid* uitklaar. In Romeine 3 praat Paulus van **die geregtigheid van God** in vers 21, maar Hy praat ook van God wat **regverdig** is en **regverdig maak** in vers 26. Ons weet ook dat die Heilige Gees op sommige plekke in die Bybel die mens 'n *regverdige* noem. Wat word bedoel met *geregtigheid* en *regverdig*?

Dit gaan miskien makliker wees om eers agter te kom wat bedoel word as die mens *regverdig* genoem word. In Psalm 1 word twee groepe mense met mekaar vergelyk – die regverdige en die goddelose. Uit die psalm kom 'n mens agter dat 'n regverdige mens iemand is wat hoë morele waardes handhaaf. Hy tree beskaaf op. Hy lewe eerlik en sy woorde getuig ook daarvan. Aan die einde van die psalm word daar ook 'n ander dimensie aan die woord *regverdige* gegee. In die hofsaak waarin God as Regter optree, is die regverdige se saak met God reg. Dan druk die woord *regverdige* die regstatus van die mens uit.

As ons nou sê dat God regverdig is, kan dit, aan die een kant, beteken dat God hoë morele waardes het. Hy is heilig, want Hy het geen sonde nie. Hy is eerlik en Hy lieg nie. Aan die ander kant is *regverdig* by God ook 'n regsbegrip. As Regter is God 'n reg-verdige Regter. Wanneer Hy 'n oordeel uitspreek, is dit 'n regverdige oordeel. Wanneer Hy as Regter optree teenoor mense, soos in Psalm 1, handel Hy regverdig met mense.

Die feit dat God regverdig of billik is in sy optrede teenoor mense is iets waaraan alle mense nie gemaklik sluk nie. Ons sien dit in die volk Israel se woorde in Esegïel 18. Esegïel en Daniël en baie ander welgestelde en vername mense van Israel is in 597 vC deur Nebukadnesar weggevoer in ballingskap na Babilonië toe. Dit was sowat elf jaar voordat Jerusalem se mure en die tempel verwoes is deur Nebukadnesar. Baie van die Israeliete wat hulle as gevolg van die eerste wegvoering in Babilonië bevind het, wou nie insien dat dit hulle eie skuld is dat hulle in ballingskap is nie. Ons hoor dit in die spreekwoord:

**Die pa's eet groen druwe, en dan word die kinders se tande stomp.**  
(Esegïel 18:2 AFR83)

Ons mense is mos maklik om die vinger na iemand anders te wys oor die ellende wat ons beleef. Die Here maak met die een voorbeeld na die ander egter duidelik dat die sondaar self die gevolge van sy eie misdade moet dra. Die Israeliete in Esegïel se tyd was in ballingskap omdat hulle net soos hulle voorouers op die verkeerde paaie gebly het. In vers 25 hoor ons hulle sê:

**“Julle sê: ‘Die Here tree nie reg op nie.’ Luister, Israel, tree Ék nie reg op nie? Dit is julle wat nie reg optree nie!** (Esegïel 18:25 AFR83)

Indien Israel sou wou beweer dat die Here hulle te na gekom het, dat Hy hulle miskien 'n streep sou trek sodat hulle in hierdie ellende beland het, moes hulle maar net 'n vorige preek van Esegïel onthou het. In Esegïel 16 het die Here Israel se geskiedenis van die heel begin af vertel – hoe Hy hulle versorg het, vir hulle net die allerbeste en allermooiste gegee het. Maar in plaas daarvan om aan die Here dank te bring vir al sy sorg, het hulle dit wat hulle gekry het, verkwansel in hulle afskuwelike verhoudings met die afgode. Deur die eeue het die Here deur sy profete vir Israel teruggedroep tot bekering en 'n verhouding met Hom, maar hulle het geweier om te luister. Daarom kan Israel die Here nie van onregverdigheid beskuldig nie.

Terwyl die Israeliete in Esegïel 18 sê dat die Here onbillik is om hulle te straf met die ballingskap, trek ons die Here se regverdigheid in vraag en antwoord 9 in twyfel oor wat Hy van ons eis. Ons vra: Is

die Here nie onbillik teenoor ons om steeds te verwag dat ons Hom met ons hele hart, met ons hele siel en met al ons kragte moet liefhê en ons naaste soos onself, terwyl Hy weet dat ons dit nie kan doen nie? Vir ons klink dit na 'n geldige vraag.

Voordat ons nog selfvoldaan met ons arms gevou agteroor kan gaan sit en dink ons is reg, sê die Heilige Gees: Ai, maar jy kan gou vergeet, mens. Het die mens nooit die vermoë gehad om God te gehoorsaam nie? En terwyl Hy dit vir ons vra, maak Hy weer vir ons die Bybel by Genesis 1 en 2 oop. Wanneer ons dit weer lees, kan ons nie anders nie as om te sê: Maar natuurlik, God het aan die mens alles gegee wat hy nodig het om God te gehoorsaam. Die mens was dan in ware geregtigheid en heiligheid geskep sodat hy God kon ken, liefhê en dien. Niemand van ons durf dus sê dat God ons te na gekom het nie. Hy het nooit iets van die mens verwag wat die mens nooit in staat was om te doen nie.

Sien jy, sê die Heilige Gees, God is dus regverdig om te verwag dat jy Hom steeds sal liefhê en jou naaste soos jouself. Maar vir volledigheid en om alle twyfel heeltemal uit die weg te ruim, wys die Heilige Gees ook vir ons wat in Genesis 3 geskryf staan. Dit is mos nie God wat dit vir die mens onmoontlik gemaak het om aan hierdie opdrag gehoorsaam te wees nie. Ja, die duivel het sy aandeel gehad om die mens uit te lok, maar einde ten laaste was dit die mens self wat besluit het om van die verbode vrugte te eet. Dus is dit nie God wat die mens se gawes om gehoorsaam te wees weggevat het nie; die mens het dit sommer self weggegooi. Wanneer die Heilige Gees ons mensdom se geskiedenis so voor ons op die tafel neersit, kan ons net een gevolgtrekking maak: Die Here is inderdaad regverdig om gehoorsaamheid aan sy wet van ons te eis. Wat ons kortkom om dit wel te doen, het ons self weggegooi.

Maar hierdie erkenning beteken nog nie dat die mens die gevolge van sy ellende en sonde sommer so gelate gaan aanvaar nie. Daarom kom ons met 'n tweede verontskuldiging: **Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?** Agter hierdie vraag sit die gevoel in ons hart dat die Here nou maar eintlik die sonde so 'n bietjie kan oorsien. Dit is nie nodig om so hard oor die sonde te wees nie. Met hierdie vraag bring die Heilige Gees ons daartoe om in te sien dat God ook regverdig is in die straf.

Ons moet begin om onself af te vra: Is dit billik om te verwag dat die Here die sonde ongestraf laat bly? Voordat ons antwoord, sê die Heilige Gees: Draai dit nou net eers om. Sal jy, as jy die slagoffer is van 'n aanranding of selfs van iets so verskriklik soos verkragting, sê: Ag, dit is nie nodig dat die oortreder gestraf word nie? Laat hom maar vry gaan. Natuurlik is daar nie een mens wat dit sal doen nie. Ons wil sien dat die reg geskied. Die misdadiger moet boet vir wat hy aan my verkeerd gedoen het. Laat ons onself ook afvra: Hoeveel respek gaan ons vir 'n regter hê wat misdadigers glad nie straf nie of maar liggies straf? Dit is reg, ons gaan geen respek vir hulle hê nie. En die misdadiger sal so 'n regter uitlag, want hy gaan sê die regter is 'n pampoen as hy nie kan sien hoe skuldig hy regtig is nie.

Geliefdes, die Here ons God gaan nie toelaat dat mense met Hom gekskeer nie. Indien Hy die sonde maar oorsien en glad nie straf nie, gee Hy sy heiligheid prys. En as God nie meer heilig is en die sonde haat nie, sal Hy mos nie meer God kan wees nie? Wanneer Israel dan in die ballingskap kla dat die Here onregverdig is om hulle te straf, wys Hy hulle op die lang pad wat Hy al met hulle geloop het. Hy het gewaarsku en geroep en gedreig, maar ore was min. Met hulle opstand teen die Here het hulle voortgegaan. En nou in die ballingskap wys Hy vir Israel en vir ons hoe verskriklik sy toorn oor die sonde werklik is. **Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf.**

Baie van die mense wat in die ballingskap weggevoer is, het ook vroeër toe Jeremia en Sefanja die oordeel van die Here en sy oproep tot bekering aan hulle verkondig het, gesê dat die profete net besig is met bangmaakpraatjies. Vir Jeremia het hulle gesê:

**Ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel!**  
(Jeremia 7:4 AFR83)

Sefanja sê die mense het in antwoord op die Here se bekeringsoproep in hulle self-tevredenheid gedink:

**die Here doen nie goed of kwaad nie.** (Sefanja 1:12 AFR83)

Vir hierdie mense was die Here maar net soos 'n goedige oupatjie wat skeefweg lag oor die kleinkinders se stoutighede en niks verder doen nie.

Vandag is daar steeds mense wat so met die Here spot wanneer daar oor die wederkoms en die oordeel van Jesus Christus gepreek word. Hulle dink as 'n mens sterf, is dit verby. Daar gaan niks verder gebeur nie. Om te keer dat ons onself so mislei, waarsku die Heilige Gees ons by monde van Paulus:

**God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes.**  
(Galasiërs 6:7 AFR83)

In die Ou Testament het God die vergeldingsreg aan sy volk geleer – 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. Die straf mag nie erger wees as die oortreding nie, maar as vergelding in die sondige mens se hand gelos word, breek anargie en chaos uit. In hierdie selfde billike gesindheid tree die Here teen die sonde van die mens op. Sonde is opstandige rebellie teen die Here. Van die begin af was dit die poging van die mens om God van sy troon af te kry. En vir hierdie hoogverraad teen sy Skepper moet die mens die gepaste straf kry – die dood.

Onteenseglik bewys die Heilige Gees dan vir ons dat God regverdig is om te eis dat ons Hom ten volle moet gehoorsaam. En in die oordeel en straf van die mens op die sonde tree God billik en regverdig op. Ons kan nie 'n vinger na Hom wys en Hom van onreg aankla nie. Vir ons sondaars is dit 'n hopelose situasie. Ons is vas en wegkomkans is daar nie vir ons nie.

Maar, dankie tog, die Here maak Homself ook as die barmhartige en genadige God aan ons bekend. Hy sê self dat Hy liefde is.

Maar nou word ons in ons Kategismus daarop gewys dat ons sondaars nie in staat is om in te sien dat barmhartigheid en regverdigheid binne-in God saam kan bestaan nie. Wanneer ons met die derde verontskuldigende vraag na die Here toe kom: **Is God dan nie ook barmhartig nie?** is dit juis ons bedoeling om sy barmhartigheid teen sy regverdigheid af te speel. In ons mense werk dit mos so. Wanneer 'n mens regverdig optree, gebeur dit baie maal ten koste van barmhartigheid, en andersom ook. As die regter van wie ons vroeër gepraat het barmhartig is teenoor die skuldige misdadiger en hom vry laat wegloop, is hy barmhartig ten koste van regverdigheid.

In God is daar egter nie 'n stryd tussen sy eienskappe nie. God **is** sy eienskappe. God is regverdig en terselfdertyd is Hy barmhartig. Regverdigheid en barmhartigheid is in God in harmonie, nie in stryd nie. Die twee verdring mekaar nie. Dit is wanneer ons raaksien hoe God se regverdigheid in verhouding tot sy barmhartigheid staan dat ons stil verwonderd raak oor die genade van die Here.

Om raak te sien hoe barmhartigheid en regverdigheid in God in harmonie is, lei die Heilige Gees ons na Romeine 3. Paulus begin die gedeelte:

**Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar.** (Romeine 3:21 AFR53)

Wanneer 'n mens aandagtig verder lees, kom 'n mens agter dit is God se geregtigheid wat die regverdigheid en die barmhartigheid bymekaar hou. En dit is juis in Jesus Christus waar hierdie twee eienskappe van God tot 'n eenheid saamkom.

Tot en met Christus hoor ons dat God **sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God** (Romeine 3:25 AFR53). God het sy geregtigheid in die Ou Testament gehandhaaf deur die sondeoffers aan sy volk te gee. Die diere se bloed wat gestort is het versoening gebring tussen God en die gelowige wanneer die gelowige berouvol sy sonde bely en glo dat God hom sal vergewe. Daar het inderdaad versoening gekom tussen God en die gelowige, maar die sondeskuld was nog nie ten volle betaal nie. Geen skepsel kan die toorn en oordeel van God dra en 'n ander skepsel verlos nie.

Met die koms van Christus – die volmaakte Plaasvervanger van die mens omdat Hy ware God en ware, regverdige mens gelyktydig is – het God sy geregtigheid in die teenwoordige tyd getoon. God sluit nie maar net sy oë vir die sonde nie. God straf die sonde aan Hom wat die toorn en oordeel op die sonde kán dra – Jesus Christus. Daar aan die kruis reken God met die sonde af deurdat Hy die Mens, Jesus Christus, met die verskriklike God-verlatenheid – dit is die ewige dood – en met die liggaamlike dood straf. Maar daar eindig God se geregtigheid nie. Dit gaan nog verder. Hy maak die mense wat in Jesus glo regverdig. Hy skenk aan die mens wat deur die geloof Jesus Christus as sy enigste en volmaakte Verlosser aanneem vergifnis van sondes en verlossing van die heerskappy van die duiwel.

Wanneer ons opnuut besef hoe regverdig God werklik is, dan sien ons self ons eie verlore en hopelose toestand beter raak. Dit is wanneer ons in so hopelose toestand is wat die Heilige Gees ons na die regverdige God toe bring – nie om veroordeel te word nie – maar om stil verwonderd in aanbidding voor Hom neer te val oor sy genade en barmhartigheid. Om sondaars met Homself te versoen en hulle hulle sondes te vergewe is 'n duur prys – dit is die prys van sy enigste Seun se lewe. En wat die genade van God nog duideliker laat weerklink, is die feit dat God self sy Seun as offer vir ons sondes gegee het.

Laat ons in aanbidding voor die Here neerkniel en Hom loof en dank dat Hy volmaak regverdig en volmaak barmhartig is. En mag hierdie genade van die Here ons altyd in stille verwondering voor Hom laat staan – **HOE GROOT IS GOD DAT HY SULKE SONDAARS SOOS ONS WIL VERLOS!**

**Amen!**

Skrifberyming 2-5:1, 3 (35:1, 3)

- 1 O dieptes vol geheimenis / wat vir ons oog onpeilbaar is!  
O wysheidsbron en kennis wat / die som van alle dinge omvat!  
Nog dieper as die hemelrond / is God se oordeel, sonder grond.  
En dieper as die diepste seë, / so onnaspeurlik is sy weë.
- 3 Uit Hom – die Bron van alle goed; / deur Hom – wat alles dra en voed;  
tot Hom – die eind van al wat streef, / wat is en word, wat roer en sweef,  
tot Hom is alle dinge wat / Hy met een wilsgreep gans omvat,  
Aan Hom, die God wat ewig lewe, / sy ewig lof en eer gegewe.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 23:1, 3 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Aan tafel: Psalm 116 (p. 569)

Met die terugbeweeg: Psalm 118 (p. 575)

Slotgebed

Psalm 138:1, 3 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode<sup>n</sup> in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
  
- 3 Dan breek hul saam in sangstem uit; / 'n lofgeluid klink U dan teë.  
Want groot is God in heerlikheid; / sy majesteit in al sy weë.  
Hy slaan, hoewel oneindig hoog, / op hul die oog wat needrig lewe.  
Maar sien van ver die kleinheid aan / van groothedswaan wat hoog wil strewe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
25 Augustus 2013